**Dinsdag 23 Mei**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:21**
**Christus staan sentraal (fondasie) in ’n Christelike huwelik**

Die goeie plek om in die huwelik te wees, is wanneer jou huweliksmaat die Here meer liefhet as vir jou. Dat elkeen eerstens vra wat is God se wil, voordat jy na jou eie en mekaar se wil en voorkeure luister.

Om die minste te wees en om te wil doen wat die ander een vra, is nie omdat die ander persoon so wonderlik is, of omdat hy/sy reeds soveel vir jou gedoen het nie, of omdat jy hoop om iets weer terug te kry nie; die diepste motivering waarom jy sal gee en op ’n bepaalde manier in die huwelik sal optree, is omdat jy dit doen uit eerbied vir Christus (Ef. 5:21). Omdat jy (en jou maat) ’n verhouding met die Here het, sal besluite, optrede, reaksies vir beide eerstens gemeet word daaraan of dit eer bring aan die Here. Dit is eintlik julle eerste gesamentlike doelwit om aan Christus eer te bring, Hom te gehoorsaam, te verheerlik.

Vanuit vers 21 is dit duidelik dat magsbeheer, manipulasie, om jou eie persoonlike agenda te dryf, nie deel kan en moet wees van ’n Christelike huwelik nie.

Ons werk aan ons huwelik deur eerstens te werk aan ons eie verhouding met die Here. Dan soek ons ook saam na God se wil, en dan wil ons eerder die ander dien en bedien as om selfgesentreerd te eis.

God is die Outeur van die huwelik. Ware geluk in die huwelik is waneer ons in die huwelik leef soos God dit bedoel.

*Sing: Skrifberyming 9-4:1, 4, 5, 6*

*Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)*